

Skriflesing: Levitikus 14:1-19

Teks: **Levitikus 14:3-7**

Heidelbergse Kategismus- **SONDAG 5**

Sing- Ps.33:3; Ps.33:9; Ps.33:11

Die eerste deel van ons belydenis, tot by Sondag 4 is 'n harde deel, broeder en suster.

Met Sondag 1-4 is ons lewens eintlik in die situasie geplaas wat ons kan vergelyk met visse buite die water. Ons het ons paradys, ons eintlike tuiste verloor. Ons is soos visse buite die water, die hele wêreld lê vry rondom daardie visse, maar hoe vry is die visse werklik?

Op twee maniere kan die vis daar buite die water raakgesien word. Die vis kan doodstil lê want in elk geval gaan dit doodgaan. In so 'n geval is die vis daardie mense wat dink dat ons is in alle geval geheel en al so skuldig en die feit van ons sonde wat geweldig is, maak dat ek leef met die hier-en-nou ingesteldheid. As ek doodgaan is ek dood, en dan het ek nie eers my lewe geniet nie. Daarom die visse wat doodstil lê en wag om te vrek is hulle wat in die lewe van mense sê- *Laat ons eet en drink en vrolik wees, want môre sterf ons*- Sulke mense se lewens speletjie is eintlik 'n dood spel. Al lewe hulle nog is hulle eintlik besig om dood te gaan. Vir die Here en sy kerk is hulle dood. Hulle het geen gevoel vir wat ware geloof, en ware vryheid beteken nie.

Die ander visse buite die water is daardie visse wat so op en af spring en tekere gaan, want in hulle doodsangs en reuse spronge is daar darem die kans om tog dalk die water raak te spring en dan kan hulle weer vry-wees en vry weg swem. Die Fariseërs is die mense wat glo jy moet jousef kan red. Jy moet kyk of jy nie self in die water kan kom nie. Wees gehoorsaam aan die Wet, doen goeie werke om vir jou 'n plek in die hemel te verdien. Sal dit met hierdie vis goed gaan, geliefdes? Néé! Die rond springery buite die water maak eintlik dat daardie vis gouer sal doodgaan Kan dit anders gaan?

Tog wel. Sondag 3 se laaste vraag het eintlik al begin mik na 'n derde tipe vis. Vraag 8 het gevra: **Is ons so verdorwe dat ons glad nie in staat is om iets goeds te doen nie en tot alle kwaad geneig is?** Ons het gesê – **Ja, behalwe as ons deur die Gees van God weergebore word.**

Hier het ons reeds iets begin sê waarvan ons die waarde van ons eie woorde sekerlik nie goed genoeg kon begryp nie. Rondom wat ons beeld van visse is, is daar tog 'n derde moontlikheid. Nie 'n vis wat wag om te vrek nie, nie 'n vis wat so rondspring en hoop om dalk in te spring en vry te kom nie, maar wat van die vis wat weet ek kan net op een manier gered word en dit is as iemand kan kom en my kan optel en my in die water terugsit. Dan is daardie vis gered, die vis is vry, sonder dat hyself dit kon doen. Ons het reeds die behalwe – klank begin maak- ...**behalwe as ons deur die Gees weergebore word-** die vis wat buite hom tog van groter dinge bewus moes word die oomblik toe dit opgetel is, wat nog te sê toe dit weer die water om sy lyf kon voel!

Maar broeder en suster, dit klink miskien nou alles baie eenvoudig, maar Sondag 5 wys op die aspek van vryheid en verlossing wat glad nie so eenvoudig is nie. Dit gaan in Sondag 5 om geweldige dinge, waar ons iets moet begin begryp van die grootheid van ons verlossing. Die grootheid van ons ellende het ons reeds moes ken, en selfs het ons in Sondag 4 gekom by die geweldige besef van God se reg. God se reg om te kan straf en te moet straf. By God is daar geen onreg nie, en God moet sy reg handhaaf! Vanuit hierdie regs besef wat geensins afgewater kan word nie, wil ons vanoggend iets van die grootheid van Sondag 5 raaksien aan die hand van twee voëltjies. 'n Voëltjie wat volgens die reg mee gehandel is, maar ja, juis op grond van die reg was daar 'n ander voëltjie wat kon vrykom en toegelaat is om in die vryheid van die lugruimtes in te vlieg.

In Levitikus 14 begin dit alles by mense wat die siekte met die groot M gedra het, nl. melaatsheid. So 'n mens het gesond kon word, en as teken van sy gesondheid moes daar 'n hele seremonie uitgevoer word, maar die aangrypende van hierdie hele seremonie is eintlik in effek 'n beskrywing van wat Christus moes kom doen het, sonder dat iemand daar van Christus geweet het. Die reiniging van 'n melaatse gee die inleiding op Sondag 5, om te begin dink en praat oor hoe kan 'n sondaar gereinig word. 'n Melaatse was soos iemand met pes, enige mens het so 'n sieke vermy, en hy moes buite die stad gehou word, eintlik het hulle so iemand reeds as dood afgeskryf.

En by genesing kan ons verstaan dat daar eers baie seker gemaak is, die mens is nou wel gesond. Die dag wat die genesing bevestig moes word, is daar twee voëltjies nader gebring. Die voëltjies sou geweldige dinge beteken in die lewe van 'n mens wat baie siek was. Dit beteken eintlik sy terugkeer uit die dood na die lewe. Gesond, met lewens herstel en lewenskrag sou die melaatse graag in die stad terug wou gaan, en die voëltjies het iets hiervan moontlik gemaak, maar daar was nog meer dinge nodig.

Ons lees in vers 4 dat saam met die voëltjies moes daar ook sederhout en skarlakendraad en hisop gebring word, en die een voëltjie lees ons in vers 5- moes hulle *in 'n erdepot oor vars water slag*. Sederhout is die tipe hout wat as dit in water trek dan gee dit die water ontsmettings krag, m.a.w. soos Dettol het dit 'n wond kon reinig en verrotte weefsel kan omgesit word dat 'n oop wond kan begin terug groei. Lewe word deur die hout so 'n wond teruggeplaas. Skarlakendraad is altyd rooi, wat natuurlik saamsmelt met die kleur van bloed, bloed wat draer van lewe is, en met hierdie skarlakendraad het hulle dan spesifiek 'n bossie hisop soos in 'n rangskikking vasgebind, waar hisop in aansluiting by die sederhout ook 'n reinigingsmiddel is, maar terselfdertyd ook baie lekker ruik. Dawid besing in sy Psalm wat hy seker dalk die moeilikste aan geskryf het, Psalm 51 – *Ontsondig my met hisop, dat ek rein kan wees...* Dit is natuurlik nie al nie.

'n Groot punt kom nou by die voëltjie wat geslag moes word, maar let op oor vars water. Water is die grootste reiniger wat daar kan wees. Die seder en hisop versterk maar net die gedagte van reining, maar die vars lopende water waarbinne die voëltjies geslag is, is die kern van wat die ander voëltjie se lewe gered het. Is dit nodig om te sê dat die doop staan eintlik reeds afgeteken by die slag van die eerste voëltjie daar waar water die teken is van die afwassing van ons sondes, wat nie die water wil uitlig nie, die water loop weg, maar daar is bloed wat uitgelig moet word. Water wat met bloed vermeng raak. Die water is maar net die middel tot 'n doel, soos die doop ook net 'n middel tot 'n doel is, en mag mens nie maak asof die slagtery van die een voëltjie as sulks nou eintlik die hele doel van alles is nie. Mense wat die doop verkeerd verstaan, begin hier alreeds te dwaal.

Die middel tot die ware doel is waar die geneesde melaatse 'n voëltjie vry en vol lewe kan sien wegvlieg die oomblik as dit losgelaat is. Maar voor die loslating is daar met hierdie voëltjie wat in vryheid weer herstel is, eintlik 'n doop handeling uitgevoer. Die bloed van die geslagte voëltjie moes op hom gesit word, maar daar was uit die een geslagte voëltjie te min bloed en daarom is sy bloed met die water gemeng en in dieselfde water is die seder, en skarlaken-gebinde hisop ook gemeng. Watter sterk reiniging mengsel, en daardie voëltjie voordat sy vlerkies kon klap moes al sy vere in die mengsel ingedoop wees voordat dit toegelaat is om weg te vlieg. Die bloed van die voëltjie wat moes sterwe moes op sy vere kom, daarom is dit 'n duidelike teken dat die een moes sterwe sodat die ander een kan lewe.

Terwyl dit alles gebeur staan die gewese melaatse daar by die priester. Die betekenis sou duidelik wees. Selfs het die priester die melaatse ook besprinkel met die sterk gemengde bloedbelope water waarin die vrye voëltjie gedoop is, en soos die voëltjie daar wegvlieg so was die melaatse nou vry verklaar om na sy huis, familie en vriende terug te keer. Die mooie van wat dit alles beteken sit op die vere van daardie voëltjie wat wegvlieg want mens kan dit so ver sien dat die melaatse se dodelike toestand word nou weggedra deur die bloed op die vlerkies van die vrye voëltjie wat nou weg is.

Vir so 'n melaatse is daar barmhartigheid betoon. Die reg is wel ook uitgevoer. Daar is volgens reg met die geslagte voëltjie gehandel. Dit plaas ons terug in die arena van ons belydenis. Sondag 4 se einde wat wou vra na of God dan nie ook barmhartig is nie. Hoe graag 'n mens seker net van God se barmhartigheid sou wou praat, is dit nie wat ons mag doen nie. Vir God is dit uiters belangrik dat die mens moet besef dat verlossing het nie maklik gekom nie, ook nie outomaties nie, en dit laat Sondag 5 ons weer goed verstaan.

Vraag 12 is eintlik 'n langer vraag as wat die antwoord is, en belangrik dat in die vraag word weer gewys na watter straf ons verdien, die tydelike en ewige straf, maar watter wonderlike betekenis begin hier nie vir ons oop te gaan nie? Dit begin met die woordjie **WEER- om weer in genade aangeneem te kan word.** "Weer" bedoelende daar kan iets weer gebeur; die moontlikheid is daar om **opnuut** aangeneem te word. En dalk mag die

antwoord vir u klink dat dit soos water in die gesig is, 'n graniënblok wat voor ons inskuif, en staan God se reg weer voorop, maar wat kan belangriker wees as God se reg?

By hierdie rots van God se reg kan niemand maar net verbyskuif nie. God se reg staan voorop, ook met dit wat Jesus voorop gestel het. In Markus 8:37 vra Jesus- *Wat sal 'n mens gee as losprys vir sy siel?* Jesus sluit nou aan ook by 'n dier. Ons het nou al vanoggend van visse gepraat en voëltjies, maar as Jesus praat van wat sal 'n mens gee as *losprys*, dan staan dit in verband met Eksodus 21:28-30 waar die woord losprys die eerste maal gebruik word rondom iemand wat 'n stoterige bees het. Rondom hierdie kwaai bees wat mense kan doodmaak is bepaal dat losgeld opgelê kan word volgens die reg en bepaalde omstandighede in geval van 'n bees wat buite beheer geraak het.. Jesus praat nie rondom beeste nie, maar mense, en tog gaan dit om dieselfde saak. By die bees was daar losgeld moontlik, wat van by die mens? Kan daar ook betaal word? By elk van die drie vrae in Sondag 5 gaan dit of daar **betaal** kan word?

En die veronderstelling wat ons verlede keer al sterk moes raaksien is weer dat God die Een is wat nog steeds met sy verbond handel, al het die mens sy kant van die verbond gebreek, God hou nog sy kant. Om te eis, of te betaal is verbond-terminologie. Betaal moet daar betaal word, van 'n waaragtige mens, ook 'n regverdige mens, maar ook Een wat waarlik God is. Die Ou Testamentiese voëltjies moes daar sekere dinge mee gebeur, voordat 'n melaatse sy voet in die stad mag waag, en so moet ons ook vandag sê, sekere dinge moes gebeur, voordat ons 'n tree nader aan God sou kon beweeg.

En sonder om ons belydenis vooruit te wil loop, kan ons beseef wat die geneesde melaatse en die priester met voëltjies gedoen het, sonder dat die voëltjies werklik as betaling kon dien, staan ons met die bloed van Christus as ons enigste betaling. Christus se bloed gee die slotsom op daardie klein geslagte voëltjie se bloed. Die ander voëltjie wat kan wegvlieg, kan nooit van sy maatjie wegvlieg nie. Die maatjie se bloed vlieg saam, want hy is in sy maatjie se bloed gedoop. Dit bly op sy vere sit.

Vir ons moet dit net nog die groter betekenis ontvang dat al was geslagte diere net teken van wat Christus gedoen het, en kon diere nie werklik betaal nie, soos wat die voëltjies net tekens kon wees oor watter tipe vryheid 'n melaatse mag ingaan, sonder dat die voëltjie werklik die genesing en betaling was, is dit by Christus albei. Ons ontvang in Christus die betaling en teken, wat die ware genesing bring. Hierdie betaling en teken bring vir ons in betekenis die bloed van Jesus Christus wat op u en my is. Daaronder is ek vrygemaak. Onder Christus se bloed is ek van die grootste melaatsheid gereinig wat erger as die siekte melaatsheid op mens kan sit en dit is om nie van jou sonde genees te kan word nie. Onder Christus se bloed het ons uit die dood na die lewe kon terugkeer. Onder Christus se bloed kan ek weet ek gaan 'n stad kan instap, soos die melaatse, terug na sy stad, tussen sy mense kon instap. Onder Christus se bloed is ek vry van die sonde, van die dood, en van die kettings wat mense met verkeerde wet-ingesteldhede aan my wil vasmaak. Soos om te dink ek moet ook iets doen om gered te word.

Watter genade, watter vryheid om te besef, ons is reeds gered, en die houding waarmee ek nou onder Christus se bloed met my lewe ingaan en aangaan, is een van totale dankbaarheid. Selfs moet ek wil lewe 'n geheiligde dankbaarheid, m.a.w. ek moet my so vry kan dink, dat dit werklik my vrymaak om nie meer sonde te wil doen nie. Om vry te kom van dit wat sonde aan 'n mens doen. In Sondag 38 staan dit net in ander woorde, met die betekenis van wat beteken die sabbatdag vir my, dan gaan dit ook daarvoor dat ek met die sabbatdag moet begin om later **elke dag van my lewe van my bose werke te rus en die Here deur sy Gees in my te laat werk.**

Dit is dinge wat nou-al moet gebeur. Op hierdie aarde. Die melaatse wat kan terugstap na sy stad, sy huis, sy mense, het dit dadelik vry-uit moes doen toe daardie voëltjie vry weggevlieg het. Op hierdie aarde moet ek reeds besef ek is heilig want God is heilig. As God se heilige Seun se bloed werklik die bloed is waaronder ek leef dan verwag God van elkeen van ons om my verantwoordelikheid te besef en my roeping en verkiesing vas te maak. Dit is waarom God in 1 Petrus 2:9-10 vir ons kan sê- *julle is 'n uitverkore geslag, 'n koninklike priesterdom, 'n heilige volk, 'n volk as eiendom verkry, om te verkondig die deugde van Hom wat julle uit die duisternis geroep het tot sy wonderbare lig, julle wat*

vroeër geen volk was nie, maar nou die volk van God is; aan wie toe geen barmhartigheid bewys is nie, maar nou bewys is.

As ons nie bereid is om te begin lewe, 'n lewe van heiligmaking nie, dan maak mens Christus se bloed goedkoop. Dan is Jesus se bloed, die bloed waarmee Hy aan God se reg voldoen het, en Hy ons geregtigheid geword het, geminag. Om Christus se regverdigmaking tot sy ware reg te laat kom mag ons, ons lewe van heiligmaking nie daarvan losmaak nie. Dink aan wat het dit Christus gekos om vir ons te betaal elke keer as u 'n voëltjie in die skepping sien rondvlieg. Selfs die voëltjies kan dit verkondig.

Ons belydenis verkondig dit al hoe duideliker en sterker. In Sondag 5 word daar net nog gesinspeel op hoe die Middelaar van ons vryheid, die Middelaar van ons verlossing sal moet wees. Jesus se Naam word nog glad nie genoem nie. Toe Jesus by Moses aangesluit het, en dit gegaan het oor 'n LOSPRYS het daar vir Moses vanuit kwaai beeste sekere reg bepalings moes geld, vir Jesus gaan dit nie om beeste nie, maar om mense. *Wat sal jy kan gee as losprys vir jou siel* Jesus het Homself moes gee, dat sy bloed op ons kon kom, en dat ons in vryheid weer herstel kan word, vryer as wat die vryheid rondom voëls en visse net die teken van is.

AMEN